HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 07 van 2024

5 Maart 2024

Geagte Ouer/Voog

Insake: Nuutverkose Beheerliggaam van Hoërskool Randburg

Op Maandag, 4 Maart het ons ouers elektronies vir 'n nuwe Beheerliggaam gestem. Die proses was vinnig en effektief. Ons het vinnig die kworum van 15% bereik, maar daarna het die stemme by 22% gaan staan. Die proses is deurlopend deur amptenare van die Departement van Onderwys gemonitor en hulle was stap-vir-stap tevrede dat ons nougeset aan alle voorskrifte en regulasies voldoen het.

Groot dank aan mnr. Etienne Engelbrecht wat as die skool se verkiesingsbeampte opgetree het en aan die span personeellede wat hom bygestaan het.

Die stemuitslag is derhalwe wettig en bindend en ons wens graag die volgende ouers en ander lede geluk met hulle verkiesing tot die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg vir die volgende drie jaar:

Ouerlede:

1 Mnr. Christoff Badenhorst
2 Mnr. Kenneth Colin
3 Mev. Driekie Havenga
4 Mev. Corli Le Roux
5 Mnr. Hubert Naudé
6 Adv. Jaco Pretorius
7 Dr. Pieter van der Walt
8 Mnr. Steven Velthuysen
9 Mnr. Rudi White

Onderwyserlede:

1 Mnr. Etienne Engelbrecht
2 Mev. Elbé Gouws
3 Mnr. Luvan Viljoen

Nie-onderwys personeellid:

1 Mev. Madeleine Raubenheimer

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Leerderlede:

1 Mnr. Willie Lindeque
2 Mej. Elaine Wijnbeek
3 Mnr. Jan-Rudolph Britz

Skoolhoof:

1 Pieter Booysen (ex-officio lid)

Ons wens hierdie span sterkte in die uitvoering van hulle taak toe en weet by voorbaat dat ons skool in goeie hande is.

Die span sal op Donderdag, 7 Maart 2024 hul dagbestuur verkies wat slegs uit ouerlede mag bestaan. Ons hou u op hoogte.

Baie dankie aan elkeen wat gestem het. Ons wil graag u, as ouers en voogde, bedank vir u ondersteuning en samewerking om van die verkiesing 'n sukses te maak. Deelnemende ouers is 'n kritiese suksesfaktor in die bedryf van enige skool. Mag ons saam hierdie skool van krag tot krag laat gaan.

Vriendelike groete.

Mnr. P. Booysen
Hoof